

Dinsdag 16 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 4:13-16

Die opbou van mekaar tot volwassenheid en voortgaande groei

Ons werklike eenheid sal ons ná ons aardse lewe bereik, al is ons in beginsel reeds deur die Heilige Gees tot 'n eenheid saamgesnoer. Hierdie eenheid moet vertoon word, en dit kan alleen as daar groei in ons geloof en kennis van die Seun van God wees. Dit be-teken groei in ons vertrouwe in ons Saligmaker en liefde vir en omgang met Hom. Ons moet daarna streef om 'n geestelik volgroeide kerk te wees wat volmaak in sy optrede en oordeel sal wees. Om so volmaak en volwasse soos Christus te wees, beteken om volle-dig deur Christus beheer te wees.

Ons moet nie soos kinders wees wat maklik deur dwaalleer verlei word nie, want 'n kind het nog nie die volle vermoë ontwikkel om skerp tussen goed en sleg te onderskei nie. Hulle kan dalk nou aan die een en dan aan die ander dwaling blootgestel word. Die valse leraars kan hulle verlei oor wat Christus vir ons moes doen, en dan kan ons lewe soos ons wil.

Ons moet daarom in liefde by die waarheid bly. Liefde sonder waarheid is hopeloos, en waarheid sonder liefde is gevaarlik. Wie in die atmosfeer van liefde vir God en die naaste by die waarheid van die evangelie bly, groei saam met ander na Christus toe. Die energie vir groei kom van Christus af en die Gees help gelowiges om die groeikrag te gebruik. Elke lid pas by die ander en wanneer elkeen sy/haar gawes gebruik, groei die hele liggaam.

Sing: Psalm 133-2:1, 2

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)